# Verbly jou in die Heer

## Fillipense 4:1-13

Lees hierdie gedeelte uit die Bybel en vra vir mamma en pappa om jou daarmee te help as jy sukkel. Is daar 'n spesifieke gedeelte wat vir jou bekend klink? Is dit miskien vers 4?

Jy het seker al die liedjie gehoor en dis hoekom dit vir jou bekend klink.

Die liedjie klink mos so (hier is sommer die hele liedjie):

*♪ Fillipense 4 vers 4 sê verbly jul in die Heer,*
*Fillipense 4 vers 4 sê verbly jul in die Heer.*
*Verbly jul, verbly jul, verbly jul in die Heer.*
*Verbly jul, verbly jul, verbly jul in die Heer.*

*Fillipense 4 vers 5 sê die Here is naby,*
*Fillipense 4 vers 5 sê die Here is naby.*
*Naby-y, naby-y, die Here is naby.*
*Naby-y, naby-y, die Here is naby.*

*Fillipense 4 vers 6 sê o, wees oor niks besorg,*
*Fillipense 4 vers 6 sê o, wees oor niks besorg.*
*Oor niks nie, oor niks nie, o wees oor niks besorg.*
*Oor niks nie, oor niks nie, o wees oor niks besorg.*

*Fillipense 4 vers 7 sê Hy sal sy vrede gee,*
*Fillipense 4 vers 7 sê Hy sal sy vrede gee.*
*Sy vrede, aan julle, Hy sal sy vrede gee.*
*Sy vrede, aan julle, Hy sal sy vrede gee.*

*Fillipense 4 vers 8 sê dink nou oor goeie goed,*
*Fillipense 4 vers 8 sê dink nou oor goeie goed.*
*Wat waar is, wat mooi is, dink nou oor goeie goed.*
*Wat waar is, wat mooi is, dink nou oor goeie goed. ♪*



Wanneer ons die gedeelte in die Bybel lees of hierdie liedjie sing, is dit eintlik vanselfsprekend wat ons hieruit kan leer.

Ons moet altyd bly wees in Jesus. Dit beteken nie dat ons nooit sal hartseer voel of kwaad word nie. Dit beteken dat ons moet fokus op Jesus, en wanneer ons dit doen sal ons sommer beter voel, maak nie saak wat gebeur nie.

Jesus is altyd by ons. Daarom hoef ons oor niks besorg te wees nie. Beteken dit dat ons oor niks meer hoef te bekommer nie? Nee, dit beteken dat ons altyd vir God kan vertel wat ons pla of waarvoor ons bang is. Die Here sal vir jou vrede gee. Met ander woorde, Hy sal jou rustig maak wanneer jy so voel.

Onthou om ook altyd aan goeie goed te dink. Soos ons in vers 8 lees moet ons aan alles dink wat waar, edel, reg, rein en waardig is. So, ons moet nooit aan lelike dinge dink nie. Ons kan dit reg kry deur God se vrede wat Hy vir ons gee en deur Hom te vra om ons daarmee te help.

Vers 13 is ook 'n bekende vers: *"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."* Dit beteken nie altyd wat ons dink nie. Toe Paulus Fillipense 4 geskryf het, was hy in 'n Romeinse tronk. In vers 13 sê hy dat die krag wat hy gehad het, die vreugde van die Here was. Hy het hom verbly in die Here, al was hy baie moeilike omstandighede. Paulus het besef dat hy net regtig tevrede sal wees deur aanhou op Jesus te fokus.

Ons moet almal soos Paulus wees en ons aanhou verbly in die Here, want Hy is altyd by ons. Dit maak nie saak waardeer ons gaan, wat met ons gebeur of hoe ons voel nie. As jy aanhou op God fokus sal jy 'n tipe vrede kry wat jy vir niemand sal kan verduidelik nie, maar jy sal weet dat dit Hy is wat vir jou krag gee om alles te hanteer wat na jou kant toe gegooi word.



Kleur nou die prentjie van Paulus in om jou te herinner dat jy soos hy moet wees en jou verbly in die Heer:

